GOTTLOB GROSSKOPF

~ God Bless His Soul ~

Cape-Orange Diocese (ELCSA)

www.elcsacod.co.za

No Picture Available

Full Names	**Johann Gottlob Grosskopf**

The following synopsis was retrieved from a book titled *"The Berlin Missionaries in South Africa and their Descendants"* (1984).

Johann Gottlob, * Rietdorf, Brandenburg, Pruise 30.9.1851, † Stellenbosch 11.7.1925, x 1881 Clara KRÜGER, † 1.6.1882, xx 10.2.1885, Marie Bertha Auguste GRÜTZNER, * Gerlachshoop, Transvaal 6.6.1864, † Stellenbosch 1.12.1946, d.v. Carl Heinrich Theodore Grützner, sendeling (sien GRÜTZNER.)

Gottlob se liefde vir die sending het reeds op twaalfjarige ouderdom ontwaak toe hy in die Hoesianna-boekies wat die predikant op Rietdorf aan hulle uitgedeel het, lees van Merensky en Grützner. Hy ontvang aanvanklik opleiding as tuinier en gaan in 1873 na die Sendingseminaar van die Berlynse Sendinggenootskap in Berlyn. In 1878 word hy as sendeling gelegitimeer, vertrek na Suid-Afrika en bereik sy bestemming, Bloemfontein, op 15.12.1878.

In Bloemfontein het Paul August Winter die dubbele opdrag gehad om die Duitse gemeente en die sendingkerk te bedien en Gottlob moes hom bystaan. Slegs 'n paar maande na Gottlob se aankoms in Bloemfontein, bedank Winter uit die diens van die Berlynse Sendinggenootskap. Op versoek van die Duitse gemeente in Bloemfontein het Gottlob sy opvolger geword. Met die sendingwerk het dit goed gegaan en al hoe meer mense het sy dienste bygewoon. Dit het nie lank geduur nie of daar kon op verskeie buiteposte diens gehou word. Onder die Duitse gemeente en die inwoners van Bloemfontein het Gottlob groot agting geniet. Dit het in 1882 duidelik geblyk by die begrafnis van sy jong vrou, toe nie slegs president Brandt teenwoordig was nie, maar ook die Volksraad van die OVS verdaag het sodat lede die begrafnis voltallig kon bywoon. Die twee gemeentes het vir Gottlob te veel geword en Arndt het later na Bloemfontein gekom om die sendinggemeente te bedien.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog was Gottlob 'n tyd waarnemende Duitse konsul omdat die Engelse niks met die offisiële Duitse konsul te doen wou hê nie. Hy het die konsentrasiekamp by Bloemfontein gereeld besoek en daar bestaan nog 'n foto van hom op sy perdekar, op pad na die konsentrasiekamp met 'n vrag voedsel en klere wat uit Nederland en Duitsland aan die aangehoudenes gestuur is. Die krygsgevangenes in die tronk en militêre hospitaal het hy ook gereeld besoek. 'n Tyd lank was hy selfs veldprediker vir die kommando's op die Kimberleyse front. Vir sy dienste as Duitse konsul het keiser Wilhelm II van Duitsland na afloop van die oorlog die ''Rote Adler Orden'' (Orde van die Rooi Adelaar) aan hom toegeken.

In 1902 is Gottlob en sy vrou met verlof na Duitsland waar hulle gelyktydig met die Boeregeneraals De Wet, De la Rey en Botha aangekom het. Gottlob het later met groot genot vertel van 'n kwaai verkeersopeenhoping voor 'n hotel waar hulle tuisgegaan het, omdat die mense hom vir die beroemde ''Burengeneral'' De la Rey aangesien het. Die hoteleienaar het hom toe kom smeek om tog op die balkon te verskyn sodat die verkeersopeenhoping 'n end kon kry. Toe op 'n deftige dinee in Berlyn 'n groot bedrag (oor die twee miljoen Mark) aan die Boeregeneraals vir noodleniging oorhandig is, was Gottlob as tolk aanwesig. In die Oorlogsmuseum in Bloemfontein is 'n groot portret wat geneem is op die oomblik toe generaal Botha die tjek ontvang. Gottlob is voor, regs op die portret, duidelik te sien.

GOTTLOB GROSSKOPF

~ God Bless His Soul ~

Cape-Orange Diocese (ELCSA)

www.elcsacod.co.za

No Picture Available

Full Names	**Johann Gottlob Grosskopf**

The following synopsis was retrieved from a book titled *"The Berlin Missionaries in South Africa and their Descendants"* (1984).

In 1907 is Gottlob na Riversdal verplaas as superintendent van die Kaapse sinode. Met sy pligte as superintendent het dit langsamerhand nodig geword om vir hom 'n jonger man as medeleraar te stuur. Die sendelinge Kohl, Scheffler en August Prozesky het hom agtereenvolgend op Riversdal gehelp. Gedurende die tyd is daar ook 'n nuwe sendingkerk op Riversdal gebou, toe die kerkie wat nog deur Daniel Heese gebou is, te klein geword het. In 1917 word Gottlob geïnterneer, maar sy gesondheid verswak so dat hy gou op parool uitgelaat is. Hy sou nooit heeltemal van die knou herstel nie.

Die Sendinggenootskap kon in die moeilike oorlogs- en na-oorlogse jare geen nuwe sendelinge uitstuur nie, gevolglik moes Gottlob ten spyte van sy swak gesondheid aanhou werk tot hy uiteindelik in 1924 na 'n dienstyd van vyf-en-veertig jaar kon aftree. Hy is kort na sy aftrede by sy seun, Johannes, op Stellenbosch oorlede.